# HOOFSTUK V.

## SAMEVATTING EN SLOT.

Die geskiedenis van Handwerk as sodanig is so oud soos die geskiedenis van die mensdom self en staan in noue verband met die ontwikkelings- en beskawingsgeskiedenis vanaf die oermens tot en met die moderne mens.

Die doelbewuste onderwysing daarvan het veel later eers gekom. Aanvanklik is dit onderrig uitsluitlik met die oog op die beoefening van 'n latere beroep en is dit betreklik onlangs eers opgeneem in die algemene opvoedingsprogram van die kind, met uitsluitlik opvoedkundige oogmerke.

Beginnende in 1866, toe die vak verpligtend geword het in Finse laerskole, het die idee van Handwerk as 'n algemeen vormende faktor in die opvoedkunde vinnig versprei na ander lande en ook in 1896 posgevat in Transvaal waar dr. N. Mansfeldt as die destydse Superintendent van Onderwys dit ingevoer het.

Die Driejarige Oorlog (1899 - 1902) het die ontwikkeling en uitbreiding van Handwerk verhinder en kon dit eers twee jaar na die oorlog hervat word onder Engelse bewind. Waar Handwerk eers Hollands georiënteer was, het dit nou die Engelse „Manual Training" geword.

Na 1908 kry Handwerk in Transvaal sy beslag met die aanstelling van 'n inspekteur en organiseerder van Tegniese onderwys deur die Onderwysdepartement van hierdie provinsie. Inspekteur W.J. Horne het vir meer as twintig jaar die rigting en gees van Handwerk beïnvloed en beheer en dit op 'n vaste grondslag georganiseer. Aanvanklik was die beroepskundige faktor van Handwerk sterk op die voorgrond, want dit was toe beskou as tegniese onderwys in die primêre stadium. Na 1926, met die oorname van beroepsonderwys deur die Unie-Departement van Onderwys, het hierdie idee eers verdwyn en het die vak 'n suiwer opvoedkundige strekking verkry.

Tot hiertoe was Handwerk hoofsaaklik 'n laerskoolvak wat onderrig is van st. IV tot en met st. VI en in uitsonderlike gevalle ook in st. VII en st. VIII. In 1923 het dit egter 'n vername vak geword in die hoër afdeling van pas gestigte intermediêre skool en sedertdien het die idee van Handwerk as 'n middelbare skoolvak vinnig posgevat en uitgebrei totdat dit in 1932 erken is as 'n vak vir die Juniorsertifikaateksamen en 'n verpligte vak geword het tot en met st. VIII. Die hoogtepunt het gekom in 1938 toe Handwerk ook erken is as vak vir die Eindeksamen van die Middelbare Skool en die eerste eksamen daarin in 1940 gehou is. So het Handwerk dan vanaf 'n beskeie begin in 1896 ontwikkel tot 'n erkende vak in die middelbare skool in 1940.

Sedert 1930 het Handwerk, as gevolg van 'n nuwe beleid en om ekonomiese redes, stelselmatig uit die laerskole begin verdwyn. Hierdie proses is in 1940 finaal voltooi toe dit uitsluitlik 'n vak geword het vir die middelbare skool.

Gedurende sy dienstydperk (1908 - 1931) het Horne die vak onder moeilike omstandighede goed georganiseer en in die rigting gestuur waarin dit vandag nog verkeer. Hy het die opvoedkundige waarde van die vak altyd en oral beklemtoon en gepropageer en hy was ook verantwoordelik vir die instelling van opsieners om sy idees verder te dra en toesig te hou oor die algemene vordering van die vak. Hoofsaaklik deur sy toedoen het Handwerk in Transvaal 'n opvoedkundige strekking verkry en word dit vandag nog met sodanige oogmerke onderrig.

Dat Handwerk 'n algemene opvoedkundige strekking moet hê, blyk duidelik uit 'n studie van die kinderontwikkeling. Dit dien natuurlikerwys die aangebore neigings en drange en is 'n vername faktor in die intellektuele, emosionele en wilsontwikkeling van die kind.

Aan die hand van ons kennis in verband met die kind en sy ontwikkelingsbehoeftes wil dit voorkom asof Handwerk nie slegs 'n middel ter bevrediging van hierdie behoeftes is nie, maar dat dit 'n onontbeerlike noodsaaklikheid is vanweë die feit dat geen ander skoolvak in die plek daarvan gestel kan word nie. Dat Handwerk 'n groot en onmisbare waarde vir die algemene opvoeding het, is 'n onbetwisbare feit omdat dit deeglik psigologies en opvoedkundig gefundeer is op 'n basis wat nie weg te redeneer is nie. Daarom is die aanspraak vir die insluiting van Handwerk in die opvoedingsprogram dan ook so sterk dat dit deur onderwyser, wat dit ernstig bedoel met die opvoeding, van die hand gewys kan word nie.

Met 'n deeglike kennis aangaande die kind en sy behoeftes as basis en die besef van die waarde van Handwerk vir die algemene opvoeding word dan die doelstellinge daarvan geformuleer. Omdat Handwerk die opvoeding grootliks in sy geheel dien, moet die doelstellinge daarvan ook in die algemene opvoedkundige verband gesien en opgeneem word. Met sy besondere doelstellinge beoog Handwerk dan ook biologiese, fisiologiese, psigologiese, sosiologiese en logiese ontwikkeling, terwyl die algemene of verwyderde doelstellinge etiese, estetiese en filosofiese ontwikkeling insluit en dit, in ooreenstemming met ons Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, ook 'n uiteindelike doelstelling het waarmee getrag word om ook van die kind 'n Godgerigte wese te maak.

Die moderne en toekomstige wêreldontwikkeling vereis 'n heroorweging van die plek van Handwerk in die opvoedingsprogram. Die historiese ontwikkeling, die psigologies-opvoedkundige fundering en die doelstellinge van Handwerk beslis reeds onmiskenbaar dat die vak deel sal en moet uitmaak van enige opvoedingsprogram en ingesluit moet word in die skoolrooster. Die belangrikheid van die vak

word egter nog nie na waarde besef nie met die gevolg dat die status daarvan nog gebuk gaan onder wanbegrip en vooroordeel en dit nog nie op dieselfde vlak beskou word as die ander skoolvakke nie.

'n Verdere plekbepalende faktor wat nog baie aandag vereis, is die toekenning van lesure aan Handwerk. Uit die ontwikkelingsbehoeftes van die kind en ook andersins wil dit voorkom asof die lesure aan Handwerk toegeken in die Transvaalse skole grootliks vermeerder moet word in vergelyking met die huidige as daar reg aan die vak moet geskied. Hierdie aspek vereis egter verdere navorsing om proefondervindelik en statisties presies te bepaal wat die verhouding moet wees tussen Handwerk en die akademiese onderrig

-----000000-----